LAERSKOOL TYGERPOORT
Tel: 012 809 0029 jfaasen@tygies.co.za

**RUGBY-AKADEMIE (TRA)**

4 Desember 2025

Beste Ouer

Ons het die afgelope jaar soveel welslae en sukses behaal en 'n geweldige groei by al ons spelers opgemerk, dat ons besluit het om voort te gaan met ons rugby-akademie. Ons rugby het puik gevaar in die makroskole-liga en ons wil seker maak ons hou aan verbeter met ons vaardighede en kennis oor die spel. Dit gaan egter nog harder werk verg en daarom wil ons al ons rugbyspelers motiveer om by ons rugby-akademie in te skakel. Baie dankie vir die getroue bywoning van ons huidige seuns, maar ons glo dit kan verder groei.

Ons wil hierdie inligting vroegtydig aan u deurgee en u die geleentheid bied om u kind in te skryf vir die rugby-akademie wat volgende jaar sal plaasvind. Ons het besluit om 'n minimale koste daaraan te koppel, want daar is wel uitgawes en ons wil spesifiek die rugby verder uitbou met van die fondse. Sou u 'n probleem ondervind met die betaling van die koste, kan u gerus met ons in verbinding tree. Ons wil elke seun hierdie geleentheid bied.

Daar is nuwe strukture in plek gesit om die rugby-program te vernuwe in 2026. Elke speler gaan ook 'n T-hemp ontvang wanneer die geld betaal is.

Die oefensessie sal op **Vrydae** gedurende **kwartaal 1, 2** en **4** plaasvind.

Die koste per leerder beloop **R350 vir die jaar.** Dit is **betaalbaar** voor **27 Februarie 2026**.

- Die gelde is betaalbaar d.m.v. die d6 App onder die projek: **Rugby-akademie** of EFT-betaling.
- EFT-verwysing: **Familiekode** (rekeningverwysing) + **TRA**
- **Inskrywingsvorm:**
  Voltooi asb. die Google-vorm (inskrywing), indien u kind wil deel word van die rugby-akademie.
  - Skakel vir inskrywing: TRA

Ons hoop om elke Tygie-rugbyspeler by die rugby-akademie te sien.

Mnr. Japie Faasen
Bestuurshoof: Sport

Mnr. P. Grobler
Adjunkhoof: Buite-kurrikulêr